BELEID EN REËLS OOR BYEENKOMSTE, BETOGINGS EN BETOOGLINIEVORMING

Verwysingsnommer	1P/1.1.13
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Registrateur
Beleideienaar	Registrateur
Verantwoordelike afdeling	Registrateur
Status	Eerste goedkeuring op 21 Junie 2013 Tweede hersiening en gevolglike goedkeuring op 18 Maart 2019
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	18 Maart 2019
Hersieningsdatum	2022
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/index.html
Adres op die beleidsdatabasis	(10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Maart 2019\1P/1.1.13_demonstrations_a.docm

BELEID EN REËLS OOR BYEENKOMSTE, BETOGINGS EN BETOOGLINIEVORMING

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU), ingevolge paragraaf 7(1)(c) van die Statuut, hierdie beleid en reëls oor byeenkomste, betogings en betooglinievorming op 18 Maart 2019 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid en stel reëls moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op die Reëling van Byeenkomste, 205 van 1993;

1.3 Wet op Beheer van Vuurwapens, 60 van 2000;

1.4 Drankwet, 59 van 2003;

1.5 Statuut van die Noordwes-Universiteit, 2017.

2 Woordomskrywings

In hierdie beleid en reëls, tensy dit uit die samehang anders blyk, het enige woord of frase die betekenis wat Wet 205 van 1993 daaraan toeskryf, en beteken –

"beampte" 'n persoon wat deur die sameroeper van 'n spesifieke gebeurtenis aangewys is om die deelnemers aan 'n protesoptrede te beheer om te verseker dat 'n protesoptrede vreedsaam verloop, en wat te alle tye duidelik uitkenbaar moet wees as 'n beampte;

"betoging" 'n byeenkoms van minder as 15 (vyftien) persone wat gehou word om hul sienings oor 'n bepaalde aangeleentheid onder die aandag van die Universiteit se Bestuurskomitee (UBK) te bring;

"betooglinievorming" 'n protesoptrede waar deelnemers plakkate ronddra, slagspreuke skree en sing en dans op 'n vreedsame, ongewapende en wettige wyse.

"byeenkoms" 'n vergadering, betoging, optog of betooglinie op of naby enige eiendom van die Universiteit, bestaande uit meer as 15 (vyftien) persone, om hul sienings oor 'n bepaalde aangeleentheid onder die aandag van die UBK te bring;

"'n NWU-organisasie" enige geregistreerde studentestruktuur geaffilieer by die Studente se Kampuskomitee van enige kampus van die NWU, of 'n vakbond wat deur die NWU erken word;

"protesoptrede" 'n openbare stelling of beswaar, goedkeuring of afkeuring deur 'n byeenkoms van werknemers of studente van die universiteit, met inbegrip van 'n betoging, byeenkoms, en betooglinie;

"sameroeper" enige werknemer, student of NWU-organisasie wat verantwoordelik is vir die oproep tot protesoptrede;

3 Doel

Die doel van hierdie beleid en reëls is om 'n regverdige en deursigtige proses te verseker waarvolgens byeenkomste, betogings en betooglinievorming deur NWU-werknemers en studente bestuur word.

4 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om –

4.1 onderhewig aan die beperkings van die wet erkenning te gee aan die grondwetlike regte van werknemers en studente van die NWU om vreedsaam byeen te kom te kom op of naby enige eiendom van die Universiteit om uiting te gee aan hul sienings oor enige aangeleenthede, en om

4.2 die nodige beskerming te verleen aan werknemers en studente wat byeen is soos bedoel in 4.1, en ook aan werknemers en studente wat nie aan sodanige byeenkoms deelneem nie.

5 Reëls vir byeenkomste, betogings en betooglinievorming

5.1 Kennisgewing en aansoek om goedkeuring vir ’n protesoptrede

5.1.1 ’n Sameroeper moet minstens sewe dae voor die beplande protesoptrede skriftelik kennis gee, met die oog daarop om skriftelike toestemming te verkry, aan die registrateur en op die aansoekvorm soos voorgeskryf deur die registrateur, van die voorneme om ’n protesoptrede op of naby enige eiendom van die Universiteit van stapel te stuur.

5.1.2 Die registrateur moet ’n aansoek in oorleg met die AVK Kampusbedryf oorweeg, en mag sodanige versoek binne ’n redelike tyd toestaan of weier.

5.1.3 ’n Aansoek vir protesoptrede kan geweier word en die protesoptrede kan verbied word indien daar ’n goeie rede bestaan, insluitende waar die moontlikheid bestaan van besering van persone, skade aan privaat of universiteitseiendom, ontwrigting van akademiese aktiwiteite, ontwrigting van die dissipline of goeie orde binne die Universiteit of waar ontwrigtende betrokkenheid van persone of organisasies van buite die Universiteit te wagte kan wees.

5.1.4 Indien ’n aansoek nie goedgekeur word nie, moet die registrateur die sameroeper skriftelik daarvan in kennis stel met vermelding van die redes vir die weiering.

5.1.5 Ná goedkeuring van ’n aansoek, maar vóór die protesoptrede, moet ’n skriftelike ooreenkoms in die vorm soos voorgeskryf deur die registrateur tussen die sameroeper en die Universiteit aangegaan word.

5.2 Aard van en gedrag tydens protesoptrede

5.2.1 Die sameroeper moet in die ooreenkoms soos bedoel in 5.1.5, en vóór die aanvang van die protesoptrede, –

- die aard van die beplande protesoptrede bevestig, naamlik ’n byeenkoms, betooglinie, optog, betoging of andersins;
- kennis gee van die tyd en plek van aanvang;
- redes verskaf vir die protesoptrede;
- aandui hoeveel beamptes aangewys sal word;
- toegang versoek tot fasiliteite van die Universiteit wat vereis word vir doeleindes wat verwant is aan die protesoptrede, soos toiletgeriewe.

5.2.2 Wat gedrag tydens die protesoptrede aanbetref, moet die sameroeper –

- te alle tye ’n afskrif van die ooreenkoms met die Universiteit en die lys van aangewese en teenwoordige beamptes byderhand hê;
- toesien dat beamptes geïdentifiseer word met volle besonderhede (naam, van, ID-nommer, sowel as studente- of personeelnommer);
- toesien dat beamptes wat die protesoptrede moniteer ’n identifiseerbare uniform dra;
- van beamptes vereis om toe te sien dat die regte van ander persone nie geskend word deur die protesoptrede nie.

5.3 Oortredings

Oortredings deur ’n sameroeper of deelnemer aan protesoptrede wat die oortreder blootstel aan tugmaatreëls deur die Universiteit sluit die volgende in:

- afwyking van die ooreenkoms soos bedoel in 5.1.5;
- ontwrigting van akademiese aktiwiteite;
- versperring van toegang tot universiteitsgeboue;
- die fisieke verhindering van personeel, studente en lede van die publiek om die Universiteit binne te gaan of te verlaat;
- intimidasie van medestudente of -werknemers;

- skade aan enige eiendom;
- storting van rommel;
- ’n sitbetoging en die neem van gyselaars;
- die gebruik van onbeskofte en skeldtaal of aanstootlike gebare;
- aanmerkings en openbare uitsprake wat nadelig vir die goeie naam, orde, dissipline of aansien van die NWU kan wees;
- ongemagtigde protesoptredes;
- enige oortreding van ’n universiteitsreël tydens protesoptrede;
- die dra van enige gevaarlike wapen;
- die pleeg van ’n misdaad tydens protesoptrede; en
- skending van die naam, eer en waardigheid van die Noordwes-Universiteit, of enige van sy ampsdraers, hetsy in hul privaat of professionele hoedanigheid.

5.4 Beplanning, monitering en aanspreeklikheid

5.4.1 Die registrateur is daarvoor verantwoordelik om die sameroeper te help om goedgekeurde protesoptrede te beplan in samewerking met die AVK Kampusbedryf en die Direkteur van Beskermingsdienste, insluitende die plek, roete en bestemming.

5.4.2 Die Departement Beskermingsdienste op ’n bepaalde kampus is verantwoordelik vir die monitering en assessering van sekuriteitsrisiko’s voor en tydens ’n goedgekeurde protesoptrede.

5.4.3 Die registrateur skakel met die Direkteur Beskermingsdienste om koördinering met die betrokke owerhede te fasiliteer, insluitende die munisipale owerhede en departemente en SAPS, aangaande die toewysing, reëling en fasilitering van alle prosedures met betrekking tot ’n goedgekeurde protesoptrede.

Original details: (10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Maart 2019\1P-1.1.13_Demonstrations_a.docm
25 Maart 2019

File reference: 1P/1.1.13